



REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
GOVERNMENT GAZETTE
STAATSKOERANT
VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REGULATION GAZETTE No. 2899. PRICE + 1c GST 20c PRYS + 1c AVB REGULASIEKOERANT No. 2899
Registered at the Post Office as a Newspaper ABROAD 30c BUITELANDS As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer
POST FREE · POSVRY

VOL. 173]

PRETORIA, 9 NOVEMBER 1979

[No. 6723

GOVERNMENT NOTICES

**DEPARTMENT OF AGRICULTURAL
ECONOMICS AND MARKETING**

No. R. 2522

9 November 1979

BREAD PRICES.—AMENDMENT

In terms of section 79 (b) of the Marketing Act, 1968 (Act 59 of 1968), I, Hendrik Stephanus Johan Schoeman, Minister of Agriculture, hereby make known that the Wheat Board, referred to in section 6 (1) of the Winter Cereal Scheme, published by Proclamation R. 162 of 1974, as amended, has, under section 37 of that Scheme, with my approval and with effect from the date of publication hereof, further amended the prohibition published by Government Notice R. 704 of 26 April 1974 as set out in the Schedule hereto.

H. S. J. SCHOEMAN, Minister of Agriculture.

SCHEDULE

The Schedule to Government Notice R. 704 of 26 April 1974, as amended, is hereby further amended by—

- (a) the deletion in the preamble of the words "super white bread or";
- (b) the deletion in subclause (2) (a) of clause 1 of the words "with a mass of not less than 715 g and not more than 835 g shall be deemed to have a mass of 750 g";
- (c) the deletion in subclause (2) (b) of clause 1 of the words "with a mass of not less than 700 g and not more than 835 g, shall be deemed to have a mass of 750 g";
- (d) the deletion in subclause (1) (a) of clause 2 of the words "and the minimum selling price of super white bread sold by or on behalf of a baker, shall be 30c per 750 g";
- (e) the deletion in subclause (1) (b) of clause 2 of the words "and the maximum selling price of super white bread shall be 32c per 750 g";

16587—A

GOEWERMENSKENNISGEWINGS

**DEPARTEMENT VAN LANDBOU-EKONOMIE
EN -BEMARKING**

No. R. 2522

9 November 1979

BROODPRYSE.—WYSIGING

Ingevolge artikel 79 (b) van die Bemerkingswet, 1968 (Wet 59 van 1968), maak ek, Hendrik Stephanus Johan Schoeman, Minister van Landbou, hierby bekend dat die Koringraad genoem in artikel 6 (1) van die Wintergraanskema, afgekondig by Proklamasie R. 162 van 1974, soos gewysig, kragtens artikel 37 van daardie Skema met my goedkeuring en met ingang van die datum van publikasie hiervan, die verbod aangekondig by Goewermentskennisgewing R. 704 van 26 April 1974, soos gewysig, verder gewysig het soos in die Bylae hiervan uiteengesit.

H. S. J. SCHOEMAN, Minister van Landbou.

BYLAE

Die Bylae van Goewermentskennisgewing R. 704 van 26 April 1974, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur—

- (a) in die aanhef die woorde "superwitbrood of" te skrap;
- (b) in subklousule (2) (a) van klousule 1 die woorde "geag in massa van 750 g te hê indien die massa daarvan minstens 715 g en hoogstens 845 g is" te skrap;
- (c) in subklousule (2) (b) van klousule 1 die woorde "geag 'n massa van 750 g te hê indien die massa daarvan minstens 700 g en hoogstens 835 g is" te skrap;
- (d) in subklousule (1) (a) van klousule 2 die woorde "en die minimum verkoopprijs van superwitbrood wat deur of ten behoeve van 'n bakker verkoop word 30c per 750 g" te skrap;
- (e) in subklousule (1) (b) van klousule 2 die woorde "en die maksimum verkoopprijs van superwitbrood 32c per 750 g" te skrap;

6723—1

(f) the deletion in subclause 2 of clause 2 of the words "or per 750 g in the case of super white bread";

(g) the deletion in subclause (1) (a) of clause 3 of the words "and the maximum selling price for super white bread sold otherwise than for cash at the seller's premises, shall be 34c per 750 g";

(h) the deletion in subclause (1) (b) of clause 3 of the words "and 6c per 750 g in the case of super white bread"; and

(i) the deletion in subclause (2) of clause 3 of the words "or per 750 g in the case of super white bread".

DEPARTMENT OF CUSTOMS AND EXCISE

No. R. 2496

9 November 1979

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964

AMENDMENT OF SCHEDULE 5 (No. 5/92)

Under section 75 of the Customs and Excise Act, 1964, Schedule 5 to the said Act is hereby amended, with retrospective effect to 6 January 1978, to the extent set out in the Schedule hereto.

P. T. C. DU PLESSIS, Deputy Minister of Finance.

(f) in subklousule (2) van klousule 2 die woorde "of per 750 g in die geval van superwitbrood" te skrap;

(g) in subklousule (1) (a) van klousule 3 die woorde "en die maksimum verkoopprijs van superwitbrood wat anders as vir kontant op die verkoper se perseel verkoop word, 34c per 750 g" te skrap;

(h) in subklousule (1) (b) van klousule 3 die woorde "en 6c per 750 g in die geval van superwitbrood" te skrap; en

(i) in subklousule (2) van klousule 3 die woorde "of per 750 g in die geval van superwitbrood" te skrap.

DEPARTEMENT VAN DOEANE EN AKSYNS

No. R. 2496

9 November 1979

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964

WYSIGING VAN BYLAE 5 (No. 5/92)

Kragtens artikel 75 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Bylae 5 by genoemde Wet hierby gewysig, met terugwerkende krag tot 6 Januarie 1978, in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

P. T. C. DU PLESSIS, Adjunk-minister van Finansies.

SCHEDULE

I Item	II Tariff Heading and Description	III Extent of Refund
522.06	By the substitution for paragraph (iii) of the following: "(iii) to have become unsaleable and are being returned to the supplier or are abandoned to the department;"	

Note.—The effect of this amendment is that the duty paid on printed books, journals and periodicals which have become unsaleable in the Republic may be refunded when such books, journals and periodicals are abandoned to the department. This amendment has retrospective effect to 6 January 1978.

BYLAE

I Item	II Tariefpos en Beskrywing	III Mate van Terugbetaling
522.06	Deur paragraaf (iii) deur die volgende te vervang: „(iii) dit onverkoopbaar geword het en aan die leweransier teruggestuur word of aan die departement prysgegee word;”	

Opmerking.—Die uitwerking van hierdie kennisgewing is dat die reg wat betaal is op bedrukte boeke, joernale en tydskrifte wat onverkoopbaar in die Republiek geword het terugbetaal mag word wanneer sodanige boeke, joernale en tydskrifte aan die departement prysgegee word. Hierdie wysiging het terugwerkende krag tot 6 Januarie 1978.

DEPARTMENT OF HEALTH

No. R. 2497

9 November 1979

FOODSTUFFS, COSMETICS AND DISINFECTANTS ACT, 1972 (ACT 54 OF 1972)

REGULATION GOVERNING THE USE OF HYDROQUINONE, MERCURY AND LEAD IN COSMETICS

I, Schalk Willem van der Merwe, Minister of Health, hereby make known for general information in terms of section 15 (6) of the Foodstuffs, Cosmetics and Disinfectants Act, 1972 (Act 54 of 1972), that I intend, in

DEPARTEMENT VAN GESONDHEID

No. R. 2497

9 November 1979

WET OP VOEDINGSMIDDELS, SKOONHEIDSMIDDELS EN ONTSMETTINGSMIDDELS, 1972 (WET 54 VAN 1972)

REGULASIE BETREFFENDE DIE GEBRUIK VAN HIDROKINOON, KWIK EN LOOD IN SKOONHEIDSMIDDELS

Ek, Schalk Willem van der Merwe, Minister van Gesondheid, maak hierby kragtens artikel 15 (6) van die Wet op Voedingsmiddels, Skoonheidsmiddels en Ontsmettingsmiddels, 1972 (Wet 54 van 1972), bekend

the exercise of the powers vested in me by section 15 (1) of the said Act, to substitute the following regulation for the regulation published under Government Notice R. 740 of 18 April 1975, to take effect one month after final promulgation.

Interested persons are invited to submit to the Secretary for Health, Private Bag X88, Pretoria, 0001, any *substantiated* comments on or representations they wish to make in regard to the said regulation within three months of the date of publication of this notice.

"Any person shall be guilty of an offence if he sells a cosmetic which contains lead or its salts, hydroquinone monobenzyl ether (p-hydroxyphenyl-benzyl-ether or monobenzene); mercury or its salts or more than 3 per cent hydroquinone: Provided that not more than 65 milligrams of thiomersal B.P. or phenyl mercuric acetate, calculated as the metal, may be added solely as a preservative to 1 kilogram of eye make-up or 30 mg/kg of said compounds calculated as the metal may be used in concentrated shampoos and creams. Any cosmetic containing hydroquinone shall bear a label reflecting the following information in letters not less than 1,0 mm in height except that the word WARNING shall be in letters not less than 2,0 mm in height:

'WARNING: Contains hydroquinone.

Do not use to dye eyelashes or eyebrows.

Avoid contact with eyes.

Rinse eyes immediately if product comes into contact with them.

If skin irritation develops, use of this product should be discontinued or a physician should be consulted.

Not recommended for use on children under 12 years of age.'

Any cosmetic containing thiomersal or phenyl mercuric acetate shall bear a label with the words 'contains thiomersal' or 'contains phenyl mercuric acetate', as the case may be."

No. R. 2498

9 November 1979

FOODSTUFFS, COSMETICS AND DISINFECTANTS ACT, 1972 (ACT 54 OF 1972)

AMENDMENT OF REGULATION GOVERNING THE PRESERVATIVES AND ANTIOXIDANTS AND THE AMOUNTS THEREOF THAT MAY BE USED IN OR ON FOODSTUFFS

I, Schalk Willem van der Merwe, Minister of Health, hereby notify for general information in terms of section 15 (6) of the Foodstuffs, Cosmetics and Disinfectants Act, 1972 (Act 54 of 1972), that I intend, in terms of the powers vested in me by section 15 (1) of the said Act, to amend the regulation promulgated under Government Notice R. 965 dated 3 June 1977 as indicated.

Interested persons are invited to submit to the Secretary for Health, Private Bag X88, Pretoria, 0001, any substantiated comments on, or representations they wish to make in regard to, the proposed regulation within three months of the date of publication of this notice.

dat ek, in die uitoefening van die bevoegdheid my verleen by artikel 15 (1) van genoemde Wet, voornemens is om die regulasie gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 740 van 18 April 1975 deur die volgende regulasie te vervang, wat een maand na finale afkondiging van toepassing word.

Belanghebbende persone word versoek om binne drie maande na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing enige *gemotiveerde* kommentaar oor, of vertoë wat hulle in verband met genoemde regulasie wil rig, aan die Sekretaris van Gesondheid, Privaatsak X88, Pretoria, 0001, voor te lê.

"Iemand is aan 'n misdryf skuldig indien hy 'n skoonheidsmiddel verkoop wat lood of die soute daarvan, hidrokinoonmonobensiel-eter (p-hidroksifenielbensiel-eter of monobensoon), kwik of die soute daarvan of meer as 3 persent hidrokinoon bevat: Met dien verstande dat hoogstens 65 milligram tiomersal B.P. of fenielkwikasetaat, bereken as die metaal, uitsluitlik as bederfwerende middel by 1 kilogram ooggrimering gevoeg kan word of 30 mg/kg van genoemde verbindings bereken as die metaal, in gekonsentreerde sjampoes en rome gebruik kan word. Enige skoonheidsmiddel wat hidrokinoon bevat, moet 'n etiket met die volgende inligting in letters van minstens 1,0 mm hoog dra, behalwe dat die woord WAARSKUWING in letters van minstens 2,0 mm hoog moet wees:

'WAARSKUWING: Bevat hidrokinoon.

Moenie gebruik om die ooghare of wenkbroue te kleur nie.

Vermý kontak met die oë.

Spoel oë sonder versuim indien produk daarmee in aanraking kom.

Indien velirritasie voorkom, moet die gebruik van hierdie produk gestaak of 'n geneesheer geraadpleeg word.

Word nie vir gebruik aan kinders onder 12 jaar oud aanbeveel nie.'

Enige skoonheidsmiddel wat tiomersal of fenielkwikasetaat bevat, moet 'n etiket met die woorde 'bevat tiomersal' of 'bevat fenielkwikasetaat', na gelang van die geval, dra."

No. R. 2498

9 November 1979

WET OP VOEDINGSMIDDELS, SKOONHEIDSMIDDELS EN ONTSMETTINGSMIDDELS, 1972 (WET 54 VAN 1972)

WYSIGING VAN REGULASIE BETREFFENDE DIE BEDERFWERENDE MIDDELS EN ANTI-OXIDEERMIDDELS ASOOK DIE HOEVEELHEDE DAARVAN WAT IN OF OP VOEDINGSMIDDELS GEBRUIK MAG WORD

Ek, Schalk Willem van der Merwe, Minister van Gesondheid, maak hierby vir algemene inligting kragtens artikel 15 (6) van die Wet op Voedingsmiddels, Skoonheidsmiddels en Ontsmettingsmiddels, 1972 (Wet 54 van 1972), bekend dat ek voornemens is om kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 15 (1) van genoemde Wet, die regulasie uitgevaardig by Goewermentskennisgewing R. 965 van 3 Junie 1977 te wysig soos aangedui.

Belanghebbende persone word versoek om binne drie maande na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing gemotiveerde kommentaar oor, of vertoë wat hulle wil rig in verband met die voorgestelde wysiging aan die Sekretaris van Gesondheid, Privaatsak X88, Pretoria, 0001, voor te lê.

I	II	III
Voedingsmiddel	Bederfwerende middel	Hoeveelheid geoorloof, mg/kg of mg/ℓ
Seevoedsel:		
Viswors.....	Bensoësuur.....	700.
	Swaweldkoksied.....	450.
	Pimarisien.....	6 vir aanwending slegs aan buitenste oneetbare omhulsel.
Vervaardigde visprodukte met uitsondering van ingemaakte visprodukte	Bensoësuur.....	700.
	Swaweldioksied.....	450.
	Pimarisien.....	6.
Silikon-antiskuiemulsie.....	Formaldehid.....	280.
	Sorbiensuur.....	1 000.

(2) Wysig Aanhangsel B deur—

(a) die item "Essensiële olies" te skrap van kolom I tesame met die aanduidings van die anti-oksideermiddels en veroorloofde hoeveelhede in onderskeidelik kolomme II en III; en

(b) die volgende items in te voeg in die korrekte alfabetiese volgorde, te wete—

I	II	III
Voedingsmiddel	Anti-oksideermiddel	Maksimum vlak, mg/kg of mg/ℓ
Essensiële olies.....	Butielhidroksie-anisool (BHA)....	1 000.
	Butielhidroksietolueen (BHT).....	1 000.
Kougombasis.....	Butielhidroksie-anisool (BHA)....	1 000.
	Butielhidroksietolueen (BHT).....	1 000.
	Propielgallate.....	100.

No. R. 2504

9 November 1979

THE SOUTH AFRICAN PHARMACY BOARD

REGULATIONS, INCLUDING THE MINIMUM CURRICULUM, FOR A DEGREE IN PHARMACY

The Minister of Health has, in terms of section 49 (1) (j) of the Pharmacy Act, 1974 (Act 53 of 1974), on the recommendation of the South African Pharmacy Board, amended the Regulations, including the Minimum Curriculum, for a Degree in Pharmacy, published under Government Notice R. 1476 of 1 August 1975, as follows:

Substitute the following for regulation 3:

"3. A student who is admitted to the second year of study shall register with the Board as soon as possible after his admission to the second year of study."

No. R. 2505

9 November 1979

THE SOUTH AFRICAN PHARMACY BOARD

REGULATIONS RELATING TO THE REGISTRATION OF PHARMACY STUDENTS

The Minister of Health has, in terms of section 49 (1) (h) of the Pharmacy Act, 1974 (Act 53 of 1974), on the recommendation of the South African Pharmacy Board, amended the Regulations relating to the Registration of Pharmacy Students, published under Government Notice R. 1477 of 1 August 1975, as follows:

1. In regulation 1 substitute the following for the words after "unless he":

"produces proof that he has been admitted to the second year of study for a degree or diploma in pharmacy."

2. Substitute the following for regulation 2 (c):

"(c) if he completed the first year of study at a university, submit a certificate from the registrar of

No. R. 2504

9 November 1979

DIE SUID-AFRIKAANSE APTEKERSRAAD

REGULASIES, INSLUITENDE DIE MINIMUM LEERGANG, VIR 'N GRAAD IN FARMASIE

Die Minister van Gesondheid het kragtens artikel 49 (1) (j) van die Wet op Aptekers, 1974 (Wet 53 van 1974), op aanbeveling van die Suid-Afrikaanse Aptekersraad, die Regulasies, insluitende die Minimum Leergang, vir 'n Graad in Farmasie, afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 1476 van 1 Augustus 1975, soos volg gewysig:

Vervang regulasie 3 deur die volgende:

"3. 'n Student wat tot die tweede studiejaar toegelaat word, moet so gou moontlik na sy toelating tot die tweede studiejaar, by die Raad registreer."

No. R. 2505

9 November 1979

DIE SUID-AFRIKAANSE APTEKERSRAAD

REGULASIES BETREFFENDE DIE REGISTRASIE VAN APTEKERSTUDENTE

Die Minister van Gesondheid het kragtens artikel 49 (1) (h) van die Wet op Aptekers, 1974 (Wet 53 van 1974), op aanbeveling van die Suid-Afrikaanse Aptekersraad, die Regulasies betreffende die Registrasie van Aptekerstudente, afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 1477 van 1 Augustus 1975, soos volg gewysig:

1. In regulasie 1, vervang die woorde na "tensy hy" deur die volgende:

"bewys lewer dat hy tot die tweede studiejaar vir 'n graad of diploma in farmasie toegelaat is."

2. Vervang regulasie 2 (c) deur die volgende:

"(c) indien hy die eerste studiejaar aan 'n universiteit voltooi het 'n sertifikaat van die registrateur van

No. R. 2506

9 November 1979

THE SOUTH AFRICAN PHARMACY BOARD

REGULATIONS RELATING TO LIMITED REGISTRATION AS A PHARMACIST

The Minister of Health has, in terms of section 17 of the Pharmacy Act, 1974 (Act 53 of 1974), on the recommendation of the South African Pharmacy Board, amended the Regulations relating to Limited Registration as a Pharmacist, published under Government Notice R. 1149 of 2 June 1978, as follows:

Add the following after the words "Florida (USA)":

"Bachelor of Science in Pharmacy—The University of Iowa (USA)

Bachelor of Pharmacy—The University of Karachi (India), provided the holder thereof is registered with the Pharmaceutical Society of Great Britain as a Pharmaceutical Chemist or Chemist and Druggist."

No. R. 2507

9 November 1979

AMENDMENT OF SCHEDULES 1 TO 9 TO THE MEDICINES AND RELATED SUBSTANCES CONTROL ACT, 1965 (ACT 101 OF 1965)

The Minister of Health has, by virtue of the powers vested in him by section 37A of the Medicines and Related Substances Control Act, 1965 (Act 101 of 1965), and on the recommendation of the Medicines Control Council, further amended the Schedules 1 to 9 of the said Act, as amended by Government Notice R. 1926 of 31 August 1979, as indicated below. This amendment shall come into effect on 30 November 1979.

1. Schedule 2 is amended by the substitution for the entry "Chlormezanone; admixtures thereof containing 100 milligrams or less of chlormezanone per minimum recommended or prescribed dose" of the words:

"Chlormezanone; admixtures thereof where the maximum recommended or prescribed dose does not exceed 100 milligrams chlormezanone";

2. Schedule 3 is amended by the substitution for the entry "Phenazopyridine; preparations and admixtures thereof" of the words:

"Phenazopyridine and its salts; preparations and admixtures thereof".

No. R. 2508

9 November 1979

THE SOUTH AFRICAN PHARMACY BOARD

REGULATION RELATING TO DEGREES, DIPLOMAS AND CERTIFICATES OBTAINED OUTSIDE THE REPUBLIC BY SOUTH AFRICAN CITIZENS WHICH ENTITLE THE HOLDER TO REGISTRATION AS A PHARMACIST

The Minister of Health has, in terms of section 18 of the Pharmacy Act, 1974 (Act 53 of 1974), as amended, on the recommendation of the South African Pharmacy Board, amended the regulation relating to degrees, diplomas and certificates obtained outside the Republic by South African citizens which entitle the holder to registration as a pharmacist, published under Government Notice R. 1473 of 1

No. R. 2506

9 November 1979

DIE SUID-AFRIKAANSE APTEKERSRAAD

REGULASIES BETREFFENDE BEPERKTE REGISTRASIE AS 'N APTEKER

Die Minister van Gesondheid het kragtens artikel 17 van die Wet op Aptekers, 1974 (Wet 53 van 1974), op aanbeveling van die Suid-Afrikaanse Aptekersraad, die Regulasies betreffende Beperkte Registrasie as 'n Apteker, afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 1149 van 2 Junie 1978, soos volg gewysig:

Voeg die volgende in na die woorde "Florida (VSA)":

"Baccalaureus Scientiae in Farmasie—die Universiteit van Iowa (VSA)

Baccalaureus in Farmasie—Die Universiteit van Karachi (Indië), mits die houer daarvan as 'n 'Pharmaceutical Chemist' of 'Chemist and Druggist' by die Aptekersvereniging van Groot-Brittanje geregistreer is."

No. R. 2507

9 November 1979

WYSIGING VAN BYLAES 1 TOT 9 VAN DIE WET OP DIE BEHEER VAN MEDISYNE EN VERWANTE STOWWE, 1965 (WET 101 VAN 1965)

Die Minister van Gesondheid het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 37A van die Wet op die Beheer van Medisyne en Verwante Stowwe, 1965 (Wet 101 van 1965), en op aanbeveling van die Medisynebeheerraad, Bylaes 1 tot 9 van genoemde Wet, soos by Goewermentskennisgewing R. 1926 van 31 Augustus 1979 gewysig, verder gewysig soos hieronder aangedui. Hierdie wysiging tree in werking op 30 November 1979.

1. Bylae 2 word gewysig deur die inskrywing "Chloormesanoon; mengsels daarvan wat 100 milligram of minder chloormesanoon per minimum aanbevole of voorgeskrewe dosis bevat" deur die volgende woorde te vervang:

"Chloormesanoon; mengsels daarvan waar die maksimum aanbevole of voorgeskrewe dosis nie 100 milligram chloormesanoon oorskry nie";

2. Bylae 3 word gewysig deur die inskrywing "Fenasopiridien; preparate en mengsels daarvan" deur die volgende woorde te vervang:

"Fenasopiridien en sy soute; preparate en mengsels daarvan".

No. R. 2508

9 November 1979

DIE SUID-AFRIKAANSE APTEKERSRAAD

REGULASIE BETREFFENDE GRADE, DIPLOMAS EN SERTIFIKATE DEUR SUID-AFRIKAANSE BURGERS BUITE DIE REPUBLIEK VERWERF WAT DIE BESITTERS DAARVAN DIE REG OP REGISTRASIE AS APTEKERS VERLEEN

Die Minister van Gesondheid het kragtens artikel 18 van die Wet op Aptekers, 1974 (Wet 53 van 1974), soos gewysig, op aanbeveling van die Suid-Afrikaanse Aptekersraad, die regulasie betreffende grade, diplomas en sertifikate deur Suid-Afrikaanse burgers buite die Republiek verwerf wat die besitters daarvan die reg op registrasie as aptekers verleen, afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 1473 van

August 1975, as amended by Government Notices R. 1379 of 30 June 1978 and R. 1379 of 29 June 1979, as follows:

1. By the substitution in paragraph (b) (i) for the words "University of Cardiff" of the words "University of Wales".

No. R. 2509

9 November 1979

THE SOUTH AFRICAN PHARMACY BOARD

REGULATION RELATING TO THE DEGREES, DIPLOMAS AND CERTIFICATES, GRANTED AFTER EXAMINATION OUTSIDE THE REPUBLIC, WHICH ENTITLE THEIR HOLDERS TO REGISTRATION AS PHARMACISTS

The Minister of Health has, in terms of section 16 of the Pharmacy Act, 1974 (Act 53 of 1974), as amended, on the recommendation of the South African Pharmacy Board, amended the regulation relating to the degrees, diplomas and certificates, granted after examination outside the Republic, which entitle their holders to registration as pharmacists, published under Government Notice R. 1474 of 1 August 1975, as amended by Government Notices R. 1380 of 30 June 1978 and R. 1380 of 29 June 1979, as follows:

1. By the substitution in paragraph (a) (i) for the words "University of Cardiff" of the words "University of Wales".

DEPARTMENT OF MANPOWER UTILISATION

No. R. 2486

9 November 1979

BLACK LABOUR RELATIONS REGULATION ACT, 1953

ORDER.—BUILDING INDUSTRY,
O.F.S. GOLDFIELDS

CORRECTION NOTICE

The following correction to *Government Gazette* 6665 of 21 September 1979 is published for general information:

Insert the Schedule which appears after Government Notice R. 2137 after Government Notice R. 2136.

No. R. 2487

9 November 1979

APPRENTICESHIP ACT, 1944

WITWATERSRAND JEWELLERS' AND GOLD-SMITHS' INDUSTRY APPRENTICESHIP COMMITTEE.—AMENDMENT OF CONDITIONS OF APPRENTICESHIP

I, Stephanus Petrus Botha, Minister of Manpower Utilisation, hereby, in terms of section 16 of the above-mentioned Act, declare that the provisions of Government Notice R. 1822 of 24 August 1979 shall come into operation on the date of publication of this notice.

S. P. BOTHA, Minister of Manpower Utilisation.

1 Augustus 1975, soos gewysig by Goewermentskennisgewings R. 1379 van 30 Junie 1978 en R. 1379 van 29 Junie 1979, soos volg gewysig:

1. Deur in paragraaf (b) (i) die woorde "Universiteit van Cardiff" deur die woorde "Universiteit van Wallis" te vervang.

No. R. 2509

9 November 1979

DIE SUID-AFRIKAANSE APTEKERSRAAD

REGULASIE BETREFFENDE DIE GRADE, DIPLOMAS EN SERTIFIKATE, TOEGEKEN NA DIE AFNEEM VAN EKSAMENS BUITE DIE REPUBLIEK, WAT DIE BESITTERS DAARVAN DIE REG OP REGISTRASIE AS APTEKERS VERLEEN

Die Minister van Gesondheid het kragtens artikel 16 van die Wet op Aptekers, 1974 (Wet 53 van 1974), soos gewysig, op aanbeveling van die Suid-Afrikaanse Aptekersraad, die regulasie betreffende die grade, diplomas en sertifikate toegeken na die afneem van eksamens buite die Republiek, wat die besitters daarvan die reg op registrasie as aptekers verleen, afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 1474 van 1 Augustus 1975, soos gewysig by Goewermentskennisgewings R. 1380 van 30 Junie 1978 en R. 1380 van 29 Junie 1979, soos volg gewysig:

1. Deur in paragraaf (a) (i) die woorde "Universiteit van Cardiff" deur die woorde "Universiteit van Wallis" te vervang.

DEPARTEMENT VAN MANNEKRAG- BENUTTING

No. R. 2486

9 November 1979

WET OP DIE REËLING VAN SWART ARBEIDSVERHOUDINGE, 1953

ORDER.—BOUNYWERHEID,
O.V.S. GOUDVELDE

VERBETERINGSKENNISGEWING

Onderstaande verbetering van *Staatskoerant* 6665 van 21 September 1979 word vir algemene inligting gepubliseer:

Voeg die Bylae wat na Goewermentskennisgewing R. 2137 verskyn in na Goewermentskennisgewing R. 2136.

No. R. 2487

9 November 1979

WET OP VAKLEERLINGE, 1944

KOMITEE VIR VAKLEERLINGE IN DIE NYWERHEID VAN JUWELIERS EN GOUDSMED, WITWATERSRAND.—WYSIGING VAN LEERVOORWAARDES

Ek, Stephanus Petrus Botha, Minister van Mannekragbenutting, verklaar hierby, kragtens artikel 16 van bogenoemde Wet, dat die bepalings van Goewermentskennisgewing R. 1822 van 24 Augustus 1979 op die datum van publikasie van hierdie kennisgewing in werking tree.

S. P. BOTHA, Minister van Mannekragbenutting.

No. R. 2510

9 November 1979

APPRENTICESHIP ACT, 1944

SOUTHERN AND WESTERN TRANSVAAL
HAIRDRESSING APPRENTICESHIP COMMIT-
TEE.—PROPOSED AMENDMENT OF CONDI-
TIONS OF APPRENTICESHIP

I, Stephanus Petrus Botha, Minister of Manpower Utilisation, acting in terms of section 16 of the above-mentioned Act, propose to amend Government Notice R. 722 of 5 May 1972 (as applied by Government Notice R. 1196 of 7 July 1972) and as amended by Government Notices R. 2307 of 15 December 1972, R. 1073 of 17 June 1977 (as applied by Government Notice R. 1632 of 19 August 1977), R. 2212 of 28 October 1977 (as applied by Government Notice R. 2664 of 30 December 1977) and R. 75 of 6 January 1978 (as applied by Government Notice R. 654 of 31 March 1978), by the substitution for clause 1 of the Conditions of Apprenticeship of the following clause:

“1. *Qualifications for commencing apprenticeship*

The minimum age and educational qualifications for commencing apprenticeship shall be 16 years and Standard VIII or a statement of attainment issued by or on behalf of the school attended by the prospective apprentice reflecting a pass at Standard VIII level in the subjects Afrikaans, English, Mathematics and at least one other subject.”

All interested persons who have any objections to the above proposals are called upon to lodge such objections, in writing, with the Secretary, Southern and Western Transvaal Hairdressing Apprenticeship Committee, P.O. Box 4560, Johannesburg, 2000, within 30 days of the date of publication of this notice.

S. P. BOTHA, Minister of Manpower Utilisation.

DEPARTMENT OF MINES

No. R. 2525

9 November 1979

AMENDMENT OF REGULATIONS.—PRECIOUS
STONES ACT, 1964

The State President has, in terms of section 125 of the Precious Stones Act, 1964 (Act 73 of 1964), made the regulations set out in the Schedule hereto.

SCHEDULE

1. In this Schedule, unless the context otherwise indicates, the term “the Regulations” means the regulations published under Government Notice R. 233 of 19 February 1965.

2. The following regulation is hereby inserted after regulation 2 of Chapter VII of the Regulations:

“2A. (a) The mining commissioner may cancel any such surface right either wholly or in part—

(i) should the surface of the land in question cease to be used or be used for any purpose other than that for which the surface right has been granted; or

(ii) whenever he is satisfied that the land comprising the surface right or a portion thereof is required for mining.

No. R. 2510

9 November 1979

WET OP VAKLEERLINGE, 1944

VAKLEERLINGSKAPKOMITEE VIR DIE HAAR-
KAPPERSBEDRYF, SUID- EN WES-TRANSVAAL.
—VOORGENOME WYSIGING VAN LEER-
VOORWAARDES

Ek, Stephanus Petrus Botha, Minister van Mannekragbenutting, handelende ingevolge artikel 16 van bogemelde Wet, is voornemens om Goewermentskennisgewing R. 722 van 5 Mei 1972 (soos toegepas by Goewermentskennisgewing R. 1196 van 7 Julie 1972) en soos gewysig by Goewermentskennisgewings R. 2307 van 15 Desember 1972, R. 1073 van 17 Junie 1977 (soos toegepas by Goewermentskennisgewing R. 1632 van 19 Augustus 1977), R. 2212 van 28 Oktober 1977 (soos toegepas by Goewermentskennisgewing R. 2664 van 30 Desember 1977) en R. 75 van 6 Januarie 1978 (soos toegepas by Goewermentskennisgewing R. 654 van 31 Maart 1978) te wysig deur klousule 1 van die Leervoorwaardes deur die volgende klousule te vervang:

“1. *Kwalifikasies vir begin van vakleerlingskap*

Die minimum leeftyd en opvoedkundige kwalifikasies vir die begin van vakleerlingskap is 16 jaar en standaard VIII of 'n verklaring van prestasie uitgereik deur of namens die skool wat deur die voornemende vakleerling besoek is waarin verklaar word dat hy op die standaard VIII-peil geslaag het in die vakke Afrikaans, Engels, Wiskunde en minstens een ander vak.”

Alle belanghebbende persone wat enige besware teen bogemelde voornemens het, word versoek om sodanige besware binne 30 dae na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing skriftelik in te dien by die Sekretaris, Suid- en Wes-Transvaalse Vakleerlingskapkomitee vir die Haarkappersbedryf, Posbus 4560, Johannesburg, 2000.

S. P. BOTHA, Minister van Mannekragbenutting.

DEPARTEMENT VAN MYNWESE

No. R. 2525

9 November 1979

WYSIGING VAN REGULASIES.—WET OP
EDELGESTEENTES, 1964

Die Staatspresident het ingevolge artikel 125 van die Wet op Edelgesteentes, 1964 (Wet 73 van 1964), die regulasies in die Bylae hierby uiteengesit, uitgevaardig.

BYLAE

1. In hierdie Bylae, tensy uit die samehang anders blyk, beteken “die Regulasies” die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 233 van 19 Februarie 1965.

2. Die volgende regulasie word hierby na regulasie 2 van Hoofstuk VII van die Regulasies ingevoeg:

“2A. (a) Die mynkommissaris kan enige sodanige oppervlaktereg in sy geheel of gedeeltelik kanselleer—

(i) indien die oppervlakte van die betrokke grond nie meer gebruik word nie of vir 'n ander doel as dié waarvoor die oppervlaktereg verleen is, gebruik word; of

(ii) wanneer hy oortuig is dat die grond wat die oppervlaktereg uitmaak of 'n gedeelte daarvan vir myndoeleindes nodig is.

(b) Whenever a surface right is cancelled either wholly or in part by the mining commissioner, in the circumstances mentioned in paragraph (a), he shall in writing give notice to the grantee of such cancellation and such notice shall specify the date (which shall be not less than one month after the service of the notice) on which such cancellation shall take effect."

(b) Wanneer 'n oppervlaktereg deur die mynkommissaris in sy geheel of gedeeltelik onder die omstandighede vermeld in paragraaf (a) gekanselleer word, moet hy die persoon aan wie dit toegestaan is, skriftelik van daardie kansellasië in kennis stel en sodanige kennisgewing moet die datum vermeld (wat minstens een maand na die bestelling van die kennisgewing moet wees) waarop bedoelde kansellasië van krag word."

BOTHALIA

Bothalia is a medium for the publication of botanical papers dealing with the flora and vegetation of Southern Africa. One or two parts of the journal are published annually.

The following parts are available:

Vol. 3 Part 1 out of print	Vol. 8 Part 1 1962 R3
2 1937 75c	2 1964 R3
3 1938 75c	3 1965 R3
4 1939 75c	4 1965 R3
Vol. 4 Part 1 1941 75c	Supplement
2 1942 75c	
3 1948 75c	Vol. 9 Part 1 1966 R3
4 1948 75c	2 1967 R3
	3 and 4
Vol. 5 1950 R3	1969 R6
Vol. 6 Part 1 1951 R1,50	Vol. 10 Part 1 1969 R3
2 1954 R2,50	2 1971 R3
3 1956 R2	3 1971 R3
4 1957 R2	4 1972 R3
Vol. 7 Part 1 1958 R2	Vol. 11 Part 1 and 2
2 1960 R3	1973 R6
3 1961 R3	3 1974 R3
4 1962 R3	4 1975 R3
	Vol. 12 Part 1 1976 R5
	2 1977 R5
	3 1978 R7,50

Obtainable from the Director, Division of Agricultural Information, Private Bag X144, Pretoria.

Sales tax must accompany all inland orders.

BOTHALIA

Bothalia is 'n medium vir die publikasie van plantkundige artikels oor die flora en plantegroei van Suidelike Afrika. Een of twee dele van die tydskrif word jaarliks gepubliseer.

Die volgende dele is beskikbaar:

Vol. 3 Deel 1 uit druk	Vol. 8 Deel 1 1962 R3
2 1937 75c	2 1964 R3
3 1938 75c	3 1965 R3
4 1939 75c	4 1965 R3
Vol. 4 Deel 1 1941 75c	Supplement
2 1942 75c	
3 1948 75c	Vol. 9 Deel 1 1966 R3
4 1948 75c	2 1967 R3
	3 en 4
Vol. 5 1950 R3	1969 R6
Vol. 6 Deel 1 1951 R1,50	Vol. 10 Deel 1 1969 R3
2 1954 R2,50	2 1971 R3
3 1956 R2	3 1971 R3
4 1957 R2	4 1972 R3
Vol. 7 Deel 1 1958 R2	Vol. 11 Deel 1 en 2
2 1960 R3	1973 R6
3 1961 R3	3 1974 R3
4 1962 R3	4 1975 R3
	Vol. 12 Deel 1 1976 R5
	2 1977 R5
	3 1978 R7,50

Verkrygbaar van die Direkteur, Afdeling Landbou-inligting, Privaatsak X144, Pretoria.

Verkoopbelasting moet by alle binnelandse bestellings ingesluit word.

Buy National Savings Certificates

Koop Nasionale Spaarsertifikate

CONTENTS

No.		Page No.	Gazette No.
GOVERNMENT NOTICES			
Agricultural Economics and Marketing, Department of Government Notice			
R. 2522	Marketing Act (59/1968): Amendment...	1	6723
Customs and Excise, Department of Government Notice			
R. 2496	Customs and Excise Act (91/1964): Amendment of Schedule 5 (No. 5/92)....	2	6723
Health, Department of Government Notices			
R. 2497	Foodstuffs, Cosmetics and Disinfectants Act (54/1972): Regulations governing the use of hydroquinone, mercury and lead...	2	6723
R. 2498	do.: Amendment of regulation governing the preservatives and antioxidants and the amounts thereof that may be used in or on foodstuffs.....	3	6723
R. 2504	Pharmacy Act (53/1974): Regulations: Minimum curriculum for a degree in pharmacy.....	6	6723
R. 2505	do.: do.: Registration of pharmacy students.....	6	6723
R. 2506	do.: do.: Registration as a pharmacist....	7	6723
R. 2507	Medicines and Related Substances Control Act (101/1965): Amendment of Schedules 1-9.....	7	6723
R. 2508	Pharmacy Act (53/1974): Regulation relating to degrees, diplomas, etc.....	7	6723
R. 2509	do.: do.....	8	6723
Manpower Utilisation, Department of Government Notices			
R. 2486	Correction notice.....	8	6723
R. 2487	Apprenticeship Act (37/1944): Jewellers and Goldsmiths, Witwatersrand: Amend- ment of Conditions.....	8	6723
R. 2510	Apprenticeship Act (37/1944): Hairdress- ing, Southern and Western Transvaal: For- proposed amendment of Conditions.....	9	6723
Mines, Department of Government Notice			
R. 2525	Precious Stones Act (73/1964): Amend- ment of regulations.....	9	6723

INHOUD

No.		Bladsy No.	Staats- koerant No.
GOEWERMENSKENNISGEWINGS			
Doeane en Aksyns, Departement van Goewermenskennisgewing			
R. 2496	Doeane- en Aksynswet (91/1964): Wysiging van Bylae 5 (No. 5/92).....	2	6723
Gesondheid, Departement van Goewermenskennisgewings			
R. 2497	Wet op Voedingsmiddels, Skoonheidsmid- dels en Ontsmettingsmiddels (54/1972): Regulasies betreffende die gebruik van hidrokinoon, kwik en lood.....	2	6723
R. 2498	do.: Wysiging van regulasie betreffende die bederfwerende middels en anti-oksideer- middels asook die hoeveelhede daarvan wat in of op voedingsmiddels gebruik mag word.....	3	6723
R. 2504	Wet op Aptekers (53/1974): Regulasies: Minimum leergang vir graad in farmasie..	6	6723
R. 2505	do.: do.: Registrasie van apteker.....	6	6723
R. 2506	do.: do.: Registrasie as apteker.....	7	6723
R. 2507	Wet op Beheer van Medisyne en Verwante Stowwe (101/1965): Wysiging van Bylaes 1-9.....	7	6723
R. 2508	Wet op Aptekers (53/1974): Regulasie betreffende grade, diplomas, ens.....	7	6723
R. 2509	do.: do.....	8	6723
Landbou-ekonomie en -bemarking, Departement van Goewermenskennisgewing			
R. 2522	Bemarkingswet (59/1968): Wysiging.....	1	6723
Mannekragbenutting, Departement van Goewermenskennisgewings			
R. 2486	Verbeteringskennisgewing.....	8	6723
R. 2487	Wet op Vakleerlinge (37/1944): Juweliers en Goudsmede, Witwatersrand: Wysiging van Leervoorwaardes.....	8	6723
R. 2510	Wet op Vakleerlinge (37/1944): Haarkap- persbedryf, Suid- en Wes-Transvaal: Voor- genome wysiging van Leervoorwaardes...	9	6723
Mynwese, Departement van Goewermenskennisgewing			
R. 2525	Wet op Edelgesteentes (73/1964): Wysiging van regulasies.....	9	6723

